Baumann-beskuitjiefabriek word sakesentrum: Die eertydse Baumann-beskuitjiefabriek in Woodstock is tot 'n moderne sakesentrum herontwikkel. 'n Victoriaanse skakelgebou wat tussen die fabriek en Sir Lowry-weg staan, is gerestoureer en by die sakesentrum, The Palms, ingesluit (sien foto hierby). Die skakelgebou, nie deel van die oorspronklike Baumann-eiendom nie, is deur die ontwikkelaar, Wetherlys, gekoop omdat dit 'n manjifieke vooraansig vir The Palms bied. Dié gebou is teen R5 miljoen gerestoureer. Die argitekte van die projek, 'n inkopiesentrum en kantoorkompleks van 27 000 m², is mnr. Cristian Bam en mev. Heidi Zöllner van Bam Zöllner Argitekte. Onder die huurders is tekstielhandelaars, binneversierders en tuisontwerpers. Daar is ook 'n restaurant, La Cuccina, en 'n wynwinkel. Die beskuitjiefabriek, wat aan die noorde- en oostekant deur Brook- en Nuwemarkstraat begrens word, is in die jare 1920 deur William Baumann opgerig. Die bekende Duens-broodbakkery was ook in dieselfde fabriek. In 2000 het Wetherlys, meubel- en binneversieringspesialiste, die eiendom vir R6 miljoen gekoop en herontwikkel.